Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 19: *Terumah* (תרומה): Bydrae

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: "Praat met die kinders van Yisra'el dat hulle aan My 'n bydrae moet bring; vanaf elkeen wie se hart hom opwek, moet julle My bydrae inbring."* Ex. 25:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Exodus 25:1 tot 27:19

Haftorah: 1 Kon. 5:1 tot 6:13

Hernieude Verbond: Matt. 5:17 tot 35; Mark. 10:11**;** Hebr. 8:1 tot 6; 9:23 en 24; 10:1

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 19 wat afgelaai kan word by: Parashah19Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

The visible church, as it is looked upon by the world in general is but a building erected by man to entertain their own religious ideals and rituals before others. Their interest usually lay within the confines of carnal thoughts and expressions to hold and captivate the people to their own philosophy concerning their religion. This structured organized arena they call the church has promoted itself above God with some removing Him completely from their circles. With the world in general being a reflection of the condition of this humanistic structure, we see a great need within the church itself. A church that the scripture classifies has a people having a form of godliness while denying the true God as having any power or authority in their midst. (Duane Stewart – "Ascension Time is Upon Us").

Midrash (Torah Bespreking)

Maak Vir My 'n Afgesonderde Plek

Hulle moet ook vir My 'n afgesonderde plek maak, dat Ek tussen hulle kan bly. Ex. 25:8 – PWL.

In hierdie week se parashah sien ons weereens die bewys van YHVH se liefde vir Israel, naamlik vir Sy bruid wat Hy gekies het en wat Hy met groot magsvertoon uit Egipte bevry het om by Sinai aan haar verloof te raak soos uitgebeeld word deur die gee van Torah en die bevestiging daarvan deur 'n verbond. YHVH bewys Sy liefde aan Sy bruid deur die opdrag om 'n tabernakel te bou sodat die Bruidegom in die midde van Sy bruid kan woon!! Die tabernakel is 'n Afgesonderde Plek van ontmoeting ('n Heiligdom) waar die bruid kan leer hoe om aan Torah (die huweliksverbond, die *ketubah*) gehoorsaam te wees en hoe om in die teenwoordigheid van YHVH-God te lewe. 'n Plek waar YHVH se Gees en Sy Torah een kan word in Israel se lewe.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Die tabernakel, en later die tempel, was die middelpunt van die lewe van elke Israeliet en van die vreemdeling wat by Israel aangesluit het. Tydens die 40 jaar van swerf in die woestyn was die tabernakel telkens in die middel opgerig met die twaalf stamme van Israel in `n bepaalde volgorde rondom die tabernakel. Die tabernakel was ondermeer 'die gom' wat Israel as 'n eenheid saam gebind het.

Was die bou van die tabernakel 'n opdrag of was dit eerder 'n versoek en begeerte van Vader-God? Daar word na geen straf verwys indien Israel dit nie sou doen nie en geen omvattende verduidelik word gegee van hoekom 'n tabernakel gebou moet word nie, as bloot net dat YHVH gesê het *dat Ek tussen hulle kan bly*. YHVH is die getroue Verbondsgod (Deut. 7:9) en Hy wil die goedertierenheid van die verbond aan Israel – aan die wat Hom liefhet – bewys. Vir die doel wou YHVH in hulle midde woon. YHVH wil graag Koning, Bruidegom en Vader vir elkeen wees en die tabernakel is die sigbare demonstrasie daarvan.

Israel kon redeneer dat YHVH reeds in hulle midde was soos wat die manna uit die hemel en die water uit die rots getuig het, sowel as die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags. Maar Israel het besef dat die tabernakel baie meer sou wees as wat hulle tot op hede ervaar het. Die tabernakel moet gebou word om 'n ruimte te skep waar YHVH tussen hulle kon woon. Dit kan gesien word as die sinnebeeld van die vestiging van YHVH se aardse Koninkryk:

Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; Matt. 6:10

So ook kan die tabernakel gesien word as 'n sinnebeeld van die vervulling van Joh. 1:14.

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, 'n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is (PWL).

Die tabernakel was 'n fisiese ruimte waar YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid 'gewoon' het. Ons moet ook 'n ruimte ('n tabernakel) in ons binneste skep waar YHVH kan woon. Hierdie ruimte moet leeg wees van sonde en van selfisme (leeg van my belange, my behoeftes, my eer, ens), want dan sal YHVH dit kan vul. Dan sal ons hart ons opwek om vrywillig en met blymoedigheid en met oorgawe Vader-God deur geloof in Yeshua as Messias en in gehoorsaamheid aan Torah te dien. Dan maak ons 'n heiligdom waar die Vader in ons midde kan woon (Ex. 25:8). Dan sal ons Sy heerlikheid soos in Yeshua gemanifisteer is, aanskou en ervaar (Joh. 1:14).

Ons word in die openingswoorde van ons parashah (Ex. 25:1 en 2) daaraan herinner dat die bou van die tabernakel 'n saak van die hart van elke Israeliet was. Daarom moes 'n bydrae (*terumah*) volgens hartsbegeerte aan YHVH gegee word sonder om die kosteberekening te doen. YHVH ontvang graag dit wat met 'n gewillige en vrygewige hartsgesindheid gegee word.

Bepeins of Bespreek

1. Ons weet dat ons liggaam die tempel (tabernakel) van God is (1 Kor. 3:16 en 17; 1 Kor.6:19; 2 Kor. 6:16). Is die 'bou en die instandhouding' van hierdie tempel ook 'n hartsaak? Moet hierdie tabernakel ook gebou word volgens YHVH se voorskrif? Wat is my 'hartsbydrae' wat ek tot die bou van hierdie tabernakel maak?

2. Verwysend na 1 Kor. 3:17 is die vraag: Hoe skend ons die tempel van God? Is dit skending wanneer ons nie ons liggaam volgens YHVH se voedselvoorskrifte versorg (instandhou) nie? Is 'n ongesonde lewenstyl nie ook skending nie? Wat van skending deur afgodery volgens 2 Kor. 6:16? Volgens Thayer's Greek Definitions beteken skend ondermeer die volgende: *to corrupt, to destroy; in the opinion of the Jews, the temple was corrupted or "destroyed" when anyone defiled or in the slightest degree damaged anything in it, or if its guardians neglected their duties*. Hoe sal YHVH-God diegene skend (vernietig) wat die tempel (die / sy liggaam) skend?

3. Verwys 1 Kor. 3:16 na die individu of na die gemeente (die *ekklesia*) of na beide?

Bring Die Verbondsark, YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid. Terug!

Hulle moet 'n ark van akasiahout maak. Sy lengte moet twee en 'n half el, sy breedte een en 'n half el en sy hoogte een en 'n half el wees. Ex. 25:10

Daar is 'n hemelse tabernakel wat van voor die grondlegging van die wêreld reeds bestaan het en steeds bestaan (Heb. 8:2 en 9:11). Hierdie hemelse tabernakel is dus soos YHVH onveranderbaar, naamlik gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. Hy is die Vader van die ligte by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie (Jak. 17). Die uitleg en inhoud van die tabernakel is dus ook steeds dieselfde. In die voorhof is daar die brandofferaltaar en bronswaskom. In die Heiligste is daar die menorah, die tafel met die toonbrode en wierrookaltaar en in die Allerheiligste is daar die verbondsark.

Die verbondsark met versoendeksel was die enigste meublement in die Mees Afgesonderde (die Allerheiligste). Slegs die hoëpriester kon een keer per jaar op die dag van Versoening in hierdie deel van die tabernakel ingaan en dan slegs met die bloed van die dier wat vir die sondes geoffer is. Van hierdie bloed is geneem en deur die hoëpriester op die versoendeksel gesprinkel om op die wyse versoening vir die volk se sondes te doen.

Die verbondsark was `n kis van akasiahout (1,25m lank x 0,75m breed x 0,75m hoog). Hierdie kis was binne en buite met goud oorgetrek. Die deksel van die kis, bekend as die versoendeksel, was van suiwer goud. `n Goue krans het die versoendeksel omring. Op die deksel was daar aan die twee ente `n gerub met uitgestrekte vlerke en met hulle aangesigte na mekaar toe. Die versoendeksel en gerubs is uit een stuk suiwer goud volgens die vakmanskap van dryfwerk gemaak. Op elke lengtesy was daar twee goue ringe. Twee draaghoute wat met goud oorgetrek was, was deur hierdie ringe gesteek en gebruik om die ark mee te dra. Hierdie draaghoute mag nooit verwyder gewees het nie.

Soos die tabernakel die middelpunt van Israel se daaglikse leefwyse en bestaan was, so was die verbondsark die middelpunt van die tabernakel. Die Mees Afgesonderde (Allerheiligste) waar in die verbondsark was, was die hart van die tabernakel. Die verbondsark was die Gemanifisteerde Teenwoordigheid (die Grootsheid en Glorie; die Glansryke Heerlikheid) van YHVH!

Waar YHVH se Grootsheid en Glorie manifisteer kan niks staande bly nie. Hierdie Glansryke Heerlikheid en Majesteit verdryf alle duisternis, dit bring oorwinning en bevryding; dit gee gemoedsrus, vrede en sekuriteit. Dit is ons shalom!

In YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid sal die mens totaal op die agtergrond wees. Dit sal nie soseer `n manifistasie van wat YHVH kan doen wees nie, maar eerder van wie God is, naamlik 'n manifistasie van Sy heiligheid, van Sy geregtigheid, van Sy regverdigheid en van Sy liefde!

Hoewel die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH ook sigbaar en hoorbaar kan wees, is dit meestal iets wat met die hart ervaar sal word. Dit kan tydens `n byeenkoms van gelowiges plaasvind, of wanneer jy alleen die aangesig van Vader-God soek. Dit kan ook deel van die gelowige se daaglikse lewe wees waar jy soos Saggaria sal kan sê: *'Nie deur mag of deur krag nie, maar deur My Gees,' sê* יהוה-*Tzva'ot* (Sag. 4:6).

In die Skrifte is daar verskeie voorbeelde van YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid en van die reaksie daarop.

So lees ons van die gebeure tydens die inwyding van die eerste tempel:

Dit het gebeur dat toe die priesters uit die Afgesonderde plek uitgaan, die wolk die huis van יהוה *gevul het sodat die priesters, as gevolg van die wolk, nie kon staan om te bedien nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van* יהוה *het die huis van* יהוה *gevul. Toe het Shlomo gesê: "*יהוה *het*

gesê dat Hy in die digte wolk sal bly. Ek het verseker vir U 'n verhewe huis gebou, 'n plek vir U om ewig in te bly." 1 Kon. 8:10 tot 13 – PWL.

Moses het ook gevra om YHVH se Grootsheid en Glorie te sien (Ex. 33:18). Dan lees ons in Ex. 34:6 tot 9 van Moses se reaksie toe YHVH se Grootsheid en Glorie verby hom gegaan het:

*יהוה het by hom verbygegaan en verklaar: "*יהוה, יהוה, *Magtige God; vol omgee en goedgunstig,*[1] *stadig om kwaad te word, oorvloedig in vriendelike goedheid en waarheid; wat onverdiende guns hou vir duisende, wat boosheid, oortreding en sonde vergewe, maar nooit die skuldige onskuldig verklaar nie; wat die wetsoortreding van die vaders, die seuns en die kleinseuns laat beïnvloed, tot aan die derde en die vierde geslag." Moshe het hom gou laag na die aarde toe neergebuig en aanbid en gesê: "*יהוה*, as ek nou guns in U oë gevind het, laat* יהוה *asseblief tussen ons trek, al is dit 'n hardnekkige volk, maar vergewe ons oortreding van die wet en ons sonde en vat ons as U eie besitting."* (PWL).

In YHVH se Teenwoordigheid sal ons almal gou na die aarde in aanbidding neerbuig! Ons sal soos Moses om YHVH se onverdiende guns vra! Ons sal ons waardig gedra, want ons sal weet dat ons in die teenwoordigheid van YHVH die Almagtige is!

In YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid sal elkeen soos die profeet Jesaja ook 'n 'tempel-ervaring' (Jes. 6:1 tot 4) hê en uitroep:

"Wee my, ek is vernietig, want ek is 'n man van onrein lippe en ek woon onder 'n volk van onrein lippe, want my oë het die Koning, יהוה*-Tzva'ot, gesien!" Toe het een van die serafs na my toe gevlieg met 'n brandende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar afgehaal het. Hy het my mond aangeraak en gesê: "Let op, dit het jou lippe aangeraak en jou wetsoortreding is weggevat en jou sonde is vergewe." Toe hoor ek die stem van* יהוה *sê: "Wie sal Ek stuur en wie sal vir Ons gaan?" Toe antwoord ek: "Hier is ek, stuur my."* Jes. 6:5 tot 8 – PWL.

Die oomblik toe Jesaja die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH ervaar, het hy `n openbaring gekry van wie God werklik is, maar ook `n besef van sy eie onreinheid en tekortkominge.

Nadab en Abihu dien ook as waarskuwing om nie in YHVH se Afgesonderde Plek met vreemde vuur in te gaan nie (Lev. 10:1 tot 5). Die Glansryke Heerlikheid van God was sodanig teenwoordig dat die wat ongehoorsaam was, gesterf het. Dan moet ons ook onthou dat die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH was sodanig op Petrus dat sy skaduwee genoeg was om mense te genees (Hand. 5:15 en 16).

Die geskiedenis van Israel leer ons egter ook wat gebeur wanneer YHVH Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid wegneem. Ons lees byvoorbeeld in 1 Sam. 3:11 tot 14 waar YHVH aan Sameul gesê het dat Eli en die volk geoordeel gaan word vir hulle ongeregtighede. So het dit dan gebeur dat Israel gaan oorlog voer het teen die Filistyne, maar deur hulle verlaan was in 'n geveg waar sowat vierduisend manskappe van Israel gesterf het (1 Sam. 4:1 en 2). Hierop het die oudstes van Israel gesê:

Waarom het YHVH ons vandag voor die Filistyne verslaan? Laat ons die verbondsark van YHVH uit Silo na ons toe bring, dat dit onder ons inkom en ons verlos uit die hand van ons vyande. 1 Sam. 4:3.

Manskappe was gestuur om die verbondsark by Silo te gaan haal en toe dit in die laer aankom het die hele Israel so 'n groot krygskreet aangehef dat die aarde gedreun het en die Filistyne vreesbevange geword het (1 Sam. 4:6 tot 8). Israel was oortuig dat die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH nou in hulle midde is en daarom kan hulle verseker wees van 'n oorwinning! Maar in die daarop volgende veldslag is Israel verslaan en die verbondark is deur die Filistyne weggevoer.

Toe het die Filistyne geveg, en Israel is verslaan, sodat hulle gevlug het, elkeen na sy tente toe. En die slagting was baie groot: van Israel het daar dertig duisend voetgangers geval. Die ark van God is ook geneem, en die twee seuns van Eli, Hofni en Pínehas, het gesterwe. 1 Sam. 4:10 en 11

Waarom was Israel, ten spyte van die verbondsark wat in hulle midde was, verslaan? Die antwoord: Die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH het nie saam met die verbondark gekom nie, want Israel het nog nie berou gehad oor hulle Torah ongehoorsaamheid nie!!

Toe Eli die tyding kry van die sterwe van sy twee seuns en van die verbondsark wat deur die Filistyne weggevoer was, het hy agteroor van sy stoel afgeval en gesterwe. Pínehas se vrou het weens die skok vroegtydig geboorte geskenk aan ‘n seun en hom Ikabod genoem, want het sy gesê*: “Die eer en lof is weg uit Yisra’el uit omdat die ark van God gevat is.”*

Hierdie is vir ons ‘n baie belangrike les, naamlik: YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid sal nie in ons midde wees nie wanneer ons Sy Torah verwerp!! Die gevolg van hardnekkige ongehoorsaamheid is dat YHVH Sy teenwoordigheid onttrek.

Die geskiedenis leer ons dat die Filistyne speodig die verbondsark terug na Israel gestuur het, want waar die ark was, was die Filistyne met groot teenspoed getref. Uiteindelik is die verbondsark in die huis van Abinadab geplaas.

Toe het die manne van Kirjat-Jeárim gekom en die ark van YHVH gaan haal en dit in die huis van Abinádab op die heuwel gebring; en hulle het sy seun Eleásar geheilig om die ark van die YHVH te bewaak. 1 Sam. 7:1.

Ook hierdie is vir ons ‘n baie belangrike les, naamlik dat die ark van YHVH en Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid alleenlik bestem is vir YHVH se volk!

In die daarop volgende 20 jaar het Saul nooit `n poging aangewend om die verbondsark terug te bring nie. Dit het `n Dawid gekos om dit te doen!

…. en Dawid het aan die hele vergadering van Israel gesê: As julle dit goedvind en dit van YHVH onse God is, laat ons ons versprei en na ons broers stuur wat nog oor is in al die landstreke van Israel, en saam met hulle na die priesters en die Leviete in die stede waar hulle weiveld het, dat hulle by ons bymekaar moet kom. En laat ons die ark van onse God na ons toe oorbring, want in die dae van Saul het ons daar nie na gevra nie. 1 Kron. 13: 2 en 3.

So het Dawid dan met opregte bedoelings gegaan om die ark by die huis van Abinádab te gaan haal met die doel om dit na Jerusalem terug te bring.

Dawid het weer die gekose manne in Yisra’el bymekaargemaak; dertig duisend. Dawid het opgestaan en saam met al die manne wat by hom was na Ba’alei-Y’hudah gegaan, om die ark van God, wat by die Naam genoem word, die Naam יהוה*-Tzva’ot wat bo die gérubs troon, daarvandaan te gaan haal. Hulle het die ark van God op ’n nuwe wa gesit om dit vanaf die huis van Avinadav, wat op die heuwel is, te bring. `Uzah en Agyo, die seuns van Avinadav, het die nuwe wa gelei. So het hulle dit met die ark van God vanaf die huis van Avinadav, wat op die heuwel is, gebring en Agyo het voor die ark geloop. Intussen het Dawid en die hele huis van Yisra’el voor die Teenwoordigheid van* יהוה *fees gevier met allerhande soorte instrumente van dennehout, liere, harpe, tamboeryne, kastanjette en simbale. Toe hulle egter by die dorsvloere kom, het `Uzah sy hand uitgesteek na die ark van God en dit vasgehou, want die osse het dit amper laat afval. Die woede van* יהוה *het teen `Uzah ontvlam en God het hom daar neergeslaan vir sy oneerbiedigheid en hy is daar by die ark van God dood. Dawid het ontsteld geword, as gevolg van* יהוה *se uitbarsting teen `Uzah en daardie plek is Peretz-`Uzah genoem, tot vandag toe. Dawid was bang vir* יהוה *op daardie dag en hy het gesê: “Hoe kan die ark van* יהוה *na my toe kom?”* 2 Sam. 6:1 tot 9 – PWL.

Weens hierdie gebeure wou Dawid nie die ark van YHVH by hom in Jerusalem laat inkom nie, maar het dit na die huis van Obed-Edom, die Gitiet, laat wegdraai waar dit vir drie maande gestaan het. En YHVH het Obed-Edom en sy hele huis geseën (1 Kron. 13:14; 2 Sam. 6:10 en 11).

Wat is die lesse wat ons hieruit moet leer? Eerstens moet ons besef dat ons nie onverskillig kan staan teenoor die ark van YHVH en die inhoud daarvan nie (later meer hieroor!). Ons moet nie `n Ussa

gesindheid hê en dink dat omrede ons met die verbondsark (met die Gemanifisteerde Teenwoordigheid) in ons midde groot geword het kan ons dit wat vir YHVH afgesonder (heilig) is na willekeur ‘aanraak’ nie! Onthou: Die ark het vir baie jare in die huis van Adinadab gestaan. Hy en sy seuns, Ussa en Agjo, het dit as “alledaags” beskou. Die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH kan nooit alledaags of as van selfsprekend beskou word nie, want soos Ussa kan ons dalk sterf as ons dit aanraak.

Tweedens leer ons dat YHVH se seëninge word, soos in die huis van Obed-Edom, uitgestort waar die verbondsark staan en YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid deel daarvan is.

Derdens moet ons, soos Dawid, besef dat die ark van YHVH en Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid slegs volgens God se voorskrifte teruggebring kan word! Daarom het Dawid bevel gegee:

Niemand mag die ark van God dra nie, behalwe die Leviete; want YHVH het hulle uitverkies om die ark van God te dra en om Hom tot in ewigheid te dien. En Dawid het die hele Israel in Jerusalem versamel om die ark van YHVH te bring na sy plek wat hy daarvoor reggemaak het. En Dawid het die seuns van Aäron en die Leviete versamel: 1 Kron. 15:2 en 3.

Dawid het ook aan die seuns van Aäron en die Leviete gesê:

Julle is hoofde van families van die Leviete; heilig julle, julle en jul broers, en bring die ark van YHVH, die God van Israel, op na die plek wat ek daarvoor reggemaak het. Want omdat julle in die begin nie by was nie, het YHVH onse God teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het soos dit behoort nie. Daarop het die priesters en die Leviete hulle geheilig om die ark van YHVH, die God van Israel, te gaan haal. En die seuns van die Leviete het die ark van God, soos Moses volgens die woord van YHVH beveel het, op hulle skouers gedra, met die draaghoute op hulle. En Dawid het aan die owerstes van die Leviete gesê om hulle broers, die sangers, op te stel met musiekinstrumente, harpe en siters en simbale, om hulle te laat hoor deur die stem met blydskap te verhef. 1 Kron. 15:12 tot 16.

So het Dawid dan met groot vreugde die ark van God, asook die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH teruggebring na Jerusalem, na die plek wat hy daarvoor voorberei het (1 Kron. 16:1). YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid was weer in die midde van Israel!

Opsommend

Eerstens: YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid sal nie in ons midde wees nie wanneer ons Sy Torah verwerp!!

Tweedens: Die ark van YHVH en Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid is alleenlik bestem vir YHVH se volk!

Derdens: Ons moet nie onverskillig staan teenoor die ark van YHVH en teenoor die inhoud daarvan nie.

Vierdens: YHVH se seëninge word uitgestort waar die verbondsark staan, maar slegs indien YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid deel daarvan is.

Laastens: Ons moet verstaan en besef dat die ark van YHVH en Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid slegs volgens God se voorskrifte teruggebring kan word!

Bepeins of Bespreek

1. Het jy ook soos Dawid die hartsverlange om die verbondsark tesame met YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid terug te bring in jou lewe, in jou huis en by die onderlinge byeenkomste van YHVH se kinders? Hoe kan ons dit doen? Bepeins of bespreek die volgende:

    - As koninklike priesterdom moet ons ook onsself soos die Leviete van ouds heilig (1 Kron. 15:12). Ons moet ook soos Jesaja deur ‘n koolvuur van die brandofferaltaar, naamlik die

folterpaal waar Yeshua aan gehang het, gereinig (ontsondig) word. Ons word afgesonder (geheilig) deur ons Torah gehoorsaamheid.

- As koninklike prietserdom moet ons die verbondsark op ons skouers dra sodat waar ons beweeg die Glansryke Heerlikheid van YHVH sal manifisteer!

2. Omrede ons liggaam die tempel van YHVH is beteken dit dat die ark van YHVH binne ons (in ons midde) moet wees. Die inhoud van die verbondstabernakel wat in die mees Afgesonderde gestaan het, het die volgende bevat: Die verbondsark met die Getuienis, naamlik die twee kliptafels met die Tien Woorde, `n goue fles met manna en Aäron se staf wat gebot het (Eks. 25:16; Eks. 16:32 tot 36; Num. 17:1 tot 12; Heb. 9:3 en 4). Hierdie inhoud van die verbondsark is ‘n heenwysing na Yeshua Messias.

   - Daarom moet die verbondsark wat in ons midde staan ook YHVH se Tien Woorde bevat, naamlik YHVH se Torah wat vlees geword het (Joh. 1:1). Dit moet ook die manna bevat, naamlik Yeshua wat die Lewende Woord is waarmee ons gevoed word (Joh. 6:35). En laastens moet die staf van Aäron vervang word met die staf van Yeshua Messias ons Ewige Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek (Heb. 5:6 en 10; Heb. 6:20). Sonder hierdie drie dinge sal ons nie die Gemanifisteerde Teenwordigheid van YHVH ervaar nie! Onthou: As Torah-gehoorsame gelowiges in Yeshua as die Messias is ons deel van die priesterorde van Melgisedek en nie van die orde van Levi nie! Meer hieroor kan gelees word in die artikel ‘Die Orde van Melgisedek Teenoor Die Levitiese Priesterlike Orde’ wat afgelaai kan word deur op hierdie skakel te kliek: Melgisedek en Levitiese Orde.

3. Wanneer die derde tempel gebou word, sal daar weer ‘n hoëpriester en ‘n priesterorde deur Judaïsme aangestel word. Hierdie sal egter nie volgens die priesterorde van Melgisedek wees nie! Sal jy en ek, en moet ons, erkenning gee aan hierdie priesterorde soos deur Judaïsme aangestel sal word? Sal erkenning aan hierdie priesterorde nie vergelykbaar wees met die verloëning van Yeshua as Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek nie?

4. Kan dit gebeur dat mense glo dat hulle die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH ervaar weens ‘vreemde’ tekens en wonders (soos lag in die gees, val in die gees, diere geluide, ens.), maar dat dit inderwaarheid eintlik ‘n ‘Ikabod-saak’ is?

Mag die naam Ikabod nooit op ons van toepassin wees nie!!

-o-o-o-o-o-o-o-

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.